PLUS Chemists apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII — NOMMER 4 — 20 APRIL 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# PROF. TJAART VAN DER WALT NUWE REKTOR

**Prof. Tjaart van der Walt het die rektorspos aan die P.U. vir C.H.O. aanvaar nadat dr. W.J. de Klerk die aanwysing van die hand gewys het.**

Prof. van der Walt het gesê dat vir hom 'n moeilike besluit was om die rektorspos te aanvaar omdat hy sy predikantskap moet prysgee en sy deelname aan die Bybelvertaling moet prysgee.



*Nuut aangestelde Rektor aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Prof. Tjaart van der Walt en sy vrou. Foto: Foto Kuns*

Prof. van der Walt het bygevoeg dat hy wel nog beskikbaar is vir die vertaling van die Nuwe Testament, maar hy moet eers die goedkeuring van die Raad kry.

Die hoofdoel waarvoor hy hom gaan beywer as hy die pos begin beklee is om 'n eenheidsgevoel op die PUK aan te wakker.

Prof. van der Walt was voorsitter van die studenteraad tussen 1955 tot 1957 gewees. In 1973 word hy verkies op die eindredaksie van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. In 1974 word hy verkies tot die ACB. Hy is ook die skrywer van verskeie populêr-wetenskaplike artikels.



*'n Blywende erfenis vir die PUK deur die beeldhouer, Barend Grobbelaar. (Foto: Fotokuns).*

# DIE POLITIESE RAAD HOU STUDENTEPARLEMENT

BIBLIOTEEK FERDINAND POSTMA

**Die Politiese Raad op die Puk het vir die eerste maal met 'n studenteparlement begin.**

Die parlement het bestaan uit besoekers van ander universiteite soos Rhett Kahn van Wits, Richard de Villiers, wat as individu genooi is, Rai Tirton van Wits, Jan van Rensburg van Pote en mnr. Ferreira van R.A.U. Die Puk is deur lede van die onderskeie koshuise verteenwoordig.

Die wetsontwerp wat ingedien is het kortliks omvat dat provinsiale skole oopgestel moet word vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs. Verder moet privaatskole oopgestel word vir almal.

Lede van die publiek kon ook aan die besprekings deelneem.

Daar is oor die wetsontwerp gestem en is daar met 'n meerderheid van stemme besluit dat die huidige bedeling gehandhaaf moet word.

Volgens mnr. Douw Breed van die Politiese Raad beplan hulle volgende kwartaal weer 'n studenteparlement, maar hierdie keer gaan Nie-Blankes ook aan die Studenteparlement deelneem.

## LEES BINNE


- Musiek aand . bl. 2
- Liggaamlike-oefening ...... bl. 3
- Wapad beleid ... bl. 4
- Uit No. 13 ..... bl. 5
- PUK dames .... bl. 6
- Kulu is anders .. bl. 7
- Sportkorrels .... bl. 8


# Dr. Buthelezi By Vergadering

**Dr. Manus Buthelezi, voorsitter van die Black Parent's Association, het Woensdagaand 13 April die Pukke tydens 'n Politiese Raadsvergadering toegespreek.**

Volgens dr. Buthelezi is die kommunikasiegaping, wat daar tussen die Blanke en die Swartman bestaan, die grootste struikelblok in 'n wedersydse verstandhouding. Vanweë die blanke se onvermoë om die Swartes se taal te verstaan en praat, dra die Blanke min kennis van die Swartman se probleme.

Dr. Buthelezi het voorts gesê dat hy glo dat die onderskeie rassegroepe daagliks in kontak met mekaar moet wees om kennis te kan neem van die ander se probleme en sodoende dan ook hul taal aan te leer. Daarom is die Beleid van Afsonderlike Ontwikkeling nie 'n oplossing vir die rasseprobleem in Suid-Afrika nie.

Hy glo dat dié beleid ontstaan het uit die Blanke se vrees dat sy eie posisie in gevaar is. Die enigste oplossing vir die probleem is om van jou vyand 'n vriend te maak deur middel van goeie buurskap en nie deur die onderdrukking van menseregte nie. Dit verskerp net verdere vyandskap.

Die verhouding tussen Wit en Swart moet gebou word op geloof en wedersydse vertroue. Die Swartman wil ook deel in die menseregte en die ekonomiese welvaart van die land.

Dr. Buthelezi het daarop gewys dat die Swartman aanstoot neem teen die manipulering van Swartleierskap. Die Swartman kan slegs leiding neem in sy eie tuisland en die spontane ontstaan van ekonomiese, politieke en godsdienstige leiers in die swart gemeenskap word deur die politieke struktuur in Suid-Afrika bemoeilik.

Hy voel dat die oproer in Soweto grootliks toegeskryf kan word aan die feit dat die jong Swartkind binne die huidige struktuur geen toekoms vir homself sien nie. Dié kind het min geleenthede om te ontwikkel en homself te verbeter en werksreservering skep groot ontevredenheid.

Dr. Buthelezi wou weet waarom skei die Blanke die Swartrassegroepe in aparte tuislande. As dit van toepassing is op die Swartes waarom geld dieselfde reëls dan nie ook vir die Blanke nie? Op grond van hierdie beleid behoort die Afrikaners, Engelse, Franse, Duitsers, Jode en ander Blanke groepe in Suid-Afrika ook in aparte gebiede geplaas te word.

Sy toekomsperspektief is gebasseer op die hoop dat die meerderheid sal regeer sonder die onderdrukking van die minderheid.

Daar moet 'n vrye sirkulasie van idees toegelaat word en die wette wat die Swartman se vryheid en sy reg op leierskap beperk, moet opgehef word.



*Dr. Manus Buthelezi, voorsitter van die Black Parent's Association.*

*FOTO: Bertie Grobler.*

# DIE KOSHUISE LOOP LEEG

**Die universiteit is verontrus oor die toenemende aantal studente, wat gedurende die jaar uit die koshuise trek, sê mnr. C.J.H. Schutte, die Registrateur (Finansies).**

In 'n onderhoud met Die Wapad op Vrydagoggend 1 April het hy daarop gewys dat dié studente ander uit die koshuise hou, sodat die universiteit gevaar loop om nuwe inskrywings te verloor.

Later in die jaar het dit glo half-leë koshuise tot gevolg, wat nie ekonomies bedryf kan word nie. Volgens hom het die administrasie omvattende vraelyste oor dié saak aan ander universiteite gestuur, waaruit dit blyk dat hulle dieselfde probleem het.

Mnr. Schutte het ook gerugte ontken dat studente verplig word om 'n volle jaar in die koshuise te woon, hoewel dit so deur die reglement bepaal word.

Indien hulle die koshuislewe in dié tydperk vir privaat losies wil verruil, mag hulle dit met die verlof van die Rektor en die huisvader doen. Kragtens die reglement, word die rekening dan vasgestel.

Mnr. Schutte verwag dat hulle 'n grondige rede moet hê om die koshuis te verlaat. 'n Voorbeeld hiervan is die eerstejaardame wat so deur die sosiale lewe in die koshuis oorweldig is, dat haar ouers verkies dat sy privaat loseer.

Hy kan die posisie van die eerstejaarman verstaan, wat ná twee jaar in die leër deur 'n tweedejaar, wat jonger as hy is, rondgestuur word. "Die een wet wat vir die Rektor en die universiteit geld, is wat in die beste belang van ons studente is," het mnr. Schutte gesê.

Hy het die bewering dat studente, wat ná 'n weiering om die koshuis te verlaat, doelbewus geskors wil word, as belaglik beskou. Volgens hom is dit benede kommentaar. Hulle hele toekoms word daardeur geraak sê hy. Soos hy dit stel, word 'n mens nie geskors, "omdat jy 'n kraan laat oopstaan het nie.".

Volgens mnr. Joggie Hattingh, die Puk se studente-adviseur, is die universiteit tegemoetkomend, waar studente nie oor koeitjies en kalfies ander losies soek nie. Hy is egter sterk ten gunste van koshuisinwoning, omdat gebalanseerde etes gereeld verskaf word. "Ek is veral bekommerd oor dames in die dorp," het hy gesê.

# KUNSBLAD

## MUSIEK AAND

**'n Kameraand van fluit- en klaviermusiek beloof altyd om 'n opwindende musikale gebeurtenis te wees. Dit sal stellig die geval wees wanneer Elsabé van Wyk (fluit) en Minette Joubert (klavier) selfstandige konsertprogramme op 19 en weer op 20 April in die nuwe Orrelsaal van die Konservatorium aanbied.**

Elsabé van Wyk het al dikwels op plaaslike konserte beïndruk met haar suiwere en sprankelende fluitvoordragte. Haar kunstenaarskap het 'n hoë peil van professionele gehalte bereik. Dit is ook sterk bevorder deur haar gereelde optrede as 'n vaste lid of as soliste met verskillende orkeste.

Nadat sy in 1974 die B.Mus.-graad met fluitvoordrag aan die Universiteit van Pretoria verwerf het, het sy in 'n toenemende mate in die openbaar begin optree. In dieselfde jaar maak sy saam met Henk Pretorius (hobo), ook van Potchefstroom, 'n opname vir die SAUK van Salieri se Concerto vir fluit en hobo, onder leiding van Anton Hartman met die Nasionale Simfonie-orkes.

Dit het daartoe gelei dat sy in Julie 1975 uitgenooi word om as soliste op te tree met die SAUK se Junior-orkes wat in Suidwes-Afrika toer. In Augustus van dieselfde jaar tree sy op as hoofspeler van die Suid-Afrikaanse Jeug-orkes wat in Aberdeen (Skotland) aan die Internasionale Jeug-orkesfees deelneem.

Wat die toekoms betref beoog sy om vanaf Julie 1977 verder onder haar ou fluitleermeester André Salm in Strassburg te studeer. Daarna wil sy haar studies voortsit onder leiding van die vermaarde fluitvirtuoos Auré Nicolet in Freiburg (Duitsland).

Minette Joubert weer het in 1974 die B.Mus-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Sy sit haar studie voort en voltooi in 1975 die graad B.Mus-Honneurs met komposisie en klaviervoordrag.

In 1976 word Minette as lektrise in die Musiekdepartement van die PU vir CHO aangestel. Sy lê haar voorts toe op die klaviervoordrag en studeer onder leiding van prof. Pieter de Villiers.

Sy stel ook belang in die speel van strykinstrumente. Voorheen het sy die viool bespeel maar gaandeweg het sy al hoe meer in die speel van die altviool begin belangstel. Hiervoor ontvang sy gereeld les van John Wille, die hoof-altvioolspeler van die SAUK-orkes.

Sedert 1976 is Minette Joubert 'n vaste lid van die Konservatorium-orkes onder leiding van prof. Attie van der Walt.

Die program wat Elsabé van Wyk aanbied sal bestaan uit werke van Mozart, Chopin, Debussy en Poulenc vir fluit. Sy word begelei deur prof. Pieter de Villiers. Minette Joubert se program weer bestaan uit werke van Soler, Clementi en Poulenc vir die klavier.

## Collegium Musicum

deur Edmond Furter

**Op vyf en ses April het Rina Hugo (sopraan) en Pieter de Villiers (klavierbegeleiding) 'n aanbieding van hoë standaard gelewer. Dié twee kunstenaars laat Wolf se opgewekte klanke saamsmelt toot 'n meesterstuk van eksakte sinkronisasie.**

Rina Hugo se suiweregalige sang bekoor sonder om te dwing, terwyl die vaardigheid van "prof Piet" vir volmaakte aanvulling sorg. Die sporaan se beheer van toonhoogte kom natuurlik na vore in die bewegende, verblydende musiek van Schubert.

Fris, kontrasterende akkoorde gelaai met stemmingsvolle woorde (Blaas op die Pampoenstingel, Aandblom is 'n Witblom ...) neem die gehoor in die Pieter de Villiers-keurspel onwillekeurig saam na "Daar bo teen die rant."

Die wye variasie van die aanbieding (Frans, Duits, Afrikaans en Engels) het van begin tot encore geboei.

'n Komiese siklus van die Engelse komponis Bernstien laat die gehoor met 'n ligte gemoed agter om verversings te geniet (koste by die toegangsgeld ingesluit). Die strekking van hierdie paar liedjies is te naïef om smaakvol by die res van die program-keuse in te pas, maar die meesterlike aanbieding kompenseer daarvoor.

Op 19 en 20 April bied Collegium 'n fluit- en klavier kamerkonsert in die Konservatorium se nuwe orrelsaal aan.

## SPEKTRUM EN SPEKTAKEL

deur Pieter Oberholzer

**Foyer, Departement Spraakleer en Drama: 1-7 April 1977.**

Soos die naam aandui was dit 'n "Kykie na 'n Deurmekaarspul". Henk Wÿbenga (regisseuyr) het 'n genotvolle Sjordé aangebied in 'n styl wat baie goed gepas het by 'n etensuur-atmosfeer, en veral so voor 'n langnaweek.

Werke van o.a. Chris Barnard, Boerneef en M.M. Walters is ingesluit in die program en onderwerpe soos "Die man en Vrou", "Poletiek", "Sensors", ens. is aangeraak, of liewer omgeroer. Die gevolg was dat daar telkens 'n skaterlag gehoor is, maar met die wete dat iemand se tone nou blougetrap is!

Fyn smaak is aan die dag gelê met die keuse en die aanbieding van die stukke. My komplimente aan Spraak III en hulle dosent vir 'n sprankelende etensuurkonsert. Ons hou die groep dop vir nog skitterende vermaak.

**DIE BULT**

DROOGSKOONMAKERS

UITSIGARKADE
TOMSTRAAT

**ONS KEN ONS SKOON MAAK!**

## *TUKS inter: teen RAU*

**Op 13 Augustus hou Tuks 'n volskaalse intervarsity met RAU. So berig die Perdeby, Tuks se studentekoerant.**

In die verlede was daar slegs 'n sportdag tussen die twee universiteite. Na onderhandelinge tussen die onderskeie studenterade is daar besluit op 'n volskaalse intervarsity, berig die Perdeby.

Die oggendprogram sal hoofsaaklik op L.C. de Villiers, die sportterrein, afgehandel word. Die opset van die intervarsity is glo dat 'n koshuis van Tuks as gasheer vir 'n R.A.U. koshuis optree. Die mededinging sal ook op koshuisvlak geskied.

Die middag sal die hoofwedstryd op Loftus plaasvind.

Tuks se trompoppies sal ook tydens die geleentheid voor die wedstryd optree.

## STUDENTE SKENK VIR LIEFDADIGHEID

**Soos almal weet het karnaval hierdie jaar 'n rekordwins opgelewer. Dus was dit moontlik om groot bedrae aan liefdadigheidsorganisasies te skenk.**

Mev. Kleynveld van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie het verlede Woensdagaand 'n tjek van R1 500 ontvang. Mnr. Daan Eloff het namens die Kindersorg R5 000 in ontvangs geneem. Nog R5 000 is aan die Raad vir geestesgesondheid geskenk.

Mnr. Eloff het gesê dat die welsyn dit moeilik vind om altyd kop bo water te hou. Dit is die eerste keer dat so groot bedrag in een som aan die Kindersorg geskenk word. Hy het die studente bedank vir hulle bydrae.

Ronel Myburgh, wat die meeste geld tydens karnaval ingesamel het (R1 150), het ook haar twee vliegtuigkaartjies na Europa van die Suid-Afrikaanse Lugdiens ontvang.

## NUTTIGE WENKE

**Vir almal wat dol is oor 'n groenigheidjie in die kamer – hier is 'n paar praktiese wenke i.v.m. die versorging van potplante.**

Meer potplante gaan dood van te veel water as te min water. Gee die plant slegs water as dit water benodig d.w.s. as die grond bo in die pot net droog is. Moet nooit so baie water gee dat dit onder by die pot uitloop nie, want dan was al die voedingstowwe saam met die water uit.

Wat lig betref is die reël eenvoudig: soveel lig as moontlik, maar nooit direkte sonlig nie.

Gee jou potplante potplantvoedsel wanneer hulle dit benodig (d.w.s. elke twee in die aktiewe groeiseisoen).

Beste potplantgrond kan onder denneboom of doringbome versamel word. Dit moet baie kompos bevat, goed dreineer en suur wees.

Alle plante moet voldoende lug kry. Moet egter nooit die plante in trekke laat staan nie.

Alle plante hou van 'n hoë lugvogtigheid – hul sal dus floreer in badkamers waar vroumense bad dat die stoom staan!

**HUIS**

**EN**

**TUIN**

U KEN ONS

BESOEK ONS!

## Suiker is Soet

**Suiker is soet, maar bitter is die nawee . . .**

Min mense besef die gevaar van suiker en verfynde koolhidrate in die dieet. Die gemiddelde Suid-Afrikaner verorber 50 kg suiker per jaar terwyl dokters reken dat so min as 15 kg nie eens veilig is nie.

Dis nie toevallig dat trombose eers van die begin van die eeu – presies dieselfde tyd toe wit meel en suiker modekos geword het – 'n wesenlike gevaar geword het nie.

'n Volwassene behoort nie 'n korreltjie meer as 5 teelepels suiker per dag te eet nie, en dit sluit dié in gebak, lekkergoed, koeldrank en vrugte in.

Die meisie wat graag mooi en gesond wil bly moet haar liggaam (en sommer haar ou s'n) oppas. Sy kan gerus onthou:

Daar is nie eintlik 'n verskil tussen wit en bruin suiker nie.

Heuning bevat net so 'n groot konsentrasie suiker en moet spaarsaam gebruik word.

Chemiese versoeters moet liefs vermy word. As jy nou regtig nie sonder 'n soetigheidjie kan klaarkom nie, kan jy sakkarien eerder as een van die siklamate gebruik. Daar is nog te veel bedenkinge oor die veiligheid van laasgenoemde.

Versprei jou suikerinname oor die hele dag.

Verminder die suiker in koffie en tee geleidelik sodat jy daaraan gewoond kan raak om dit so te drink.

Drink baie water. Dit sal die lus vir koeldrank verminder.

Vermy nageregte al is dit hoé swaar! Hulle rig te veel skade aan jou gesondheid en jou postuur aan. Eet genoeg vleis en groente en jy sal nie aan die einde van 'n maaltyd honger voel nie.

Eet vrugte in matige hoeveelhede.

Moenie konfyt, ingemaakte vrugte, wit brood, ontbytvlokkies, beskuit of klein koekies eet nie.

Lewerwors, tamatie, komkommer, advokadopeer of vleisekstrak, kaas, eiers of biltong op volgraanbrood maak lekker happies.

As jy tussen maaltye honger word, is dit 'n bewys van hoeveel leë kalorieë jy in die vorm van suiker geëet het. In werklikheid kan 'n mens net soveel proteïene en volgraanbrood eet soos wat normaalweg genoeg is om die honger te stil sonder vrees dat jy vet sal word.

*Nog 'n gespesialiseerde diens van die Standard:*

**STUDENTPLAN.**
**DIE ALOMVATTENDE FINANSIËLE PLAN VIR STUDENTE.**




*Nou kry u meer van ons as ooit tevore.*

Studentelenings. U kan tot R1 500 per jaar of meer kry, afhangende van u behoeftes, vir die duur van u studies. En u betaal net 5,5% rente op daardie lening. Dis net 'n student wat teen sulke lae rente kan leen!

Tjekrekenings vir studente. Teen die laagste moontlike koste kan u self 'n tjekboek hê vir die grootste koopgerief ter wêreld.

Studenteversekering. Ons kan reël om u teen enigiets onder die son te verseker.

Studentespaarrekenings. U kan 'n studentespaarrekening met so min as 50 sent open en rente op u geld verdien.

Die dag wanneer u by die naaste Standard Bank-tak instap me bewyse dat u by 'n universiteit (of enige erkende inrigting vir hoër onderwys) ingeskryf is, kwalifiseer u dadelik vir 'n hele reeks dienste teen rentekoerse en voorwaardes wat nie-studente se monde laat water.

Die Standard se Studentplan voorsien in al u behoeftes as student. Stap in by enigeen van ons takke en kry 'n brosjure. Of gesels met een van ons Studentesakebestuurders wat die hele plan aan u sal verduidelik. Dit maak nie saak of u net sommige of al die dienste wil hê nie, u sal met 'n gevoel van groot verligting daar uitstap.

U is goed toegerus – by die Standard.




**Standard Bank**

*Op die Standard kan u staatmaak. Want die Standard maak staat op u.*

die WAPAD

# WAPAD BELEID

**Daar heers blykbaar baie onsekerheid onder studente wat Die Wapad is en waarvoor dit bedoel is. Tot so 'n mate dat daar gedreig word om met 'n nuwe koerant te begin.**

**Ons voel dat dit nou tyd geword het om ons standpunt duidelik uiteen te sit.**

**Die Wapad is bedoel om die amptelike mondstuk van die student te wees.**

**Ons probeer ons bes om hierin te voldoen. Uit die aard van die saak is ons afhanklik vir ons inligting van die mense wat die nuus maak.**

**In die joernalistieke sin is Die Wapad, soos enige ander koerant, op die nuutste Perskode aangewys. Ons hou ons by hierdie etiese reëls.**

**Dit is wel so dat ons nie 'n soort van "Government Gazette" wil wees nie, hoewel ons nie kan ontken dat ons finansieël grootliks van die SSR afhanklik is nie. Daarom is ons ook verplig om 'n balans in die aard van die beriggewing te handhaaf.**

**Dit is buitendien 'n etiese beginsel om albei kante van 'n saak te stel.**

**Soos daar seker opgemerk is het Die Wapad se beleid sedert die begin van die jaar ingrypend verander. Dit is naamlik om alle briewe te plaas MITS dit nie lasterlik is nie; dit van die volle naam en adres van die skrywer voorsien is; nie die veiligheid van die staat aantas nie en ook nie die Christelike aard van die Universiteit benadeel nie.**

**Die redaksie van Die Wapad neem alle verantwoordelikheid om die naam van 'n briefskrywer te beskerm waar die betrokke persoon verkies dat sy brief onder die skuilnaam wat deur hom verskaf is, verskyn. Tensy 'n hofbevel teenstrydig met hierdie waarborg uitgereik word.**

**Sensuur op briewe en berigte word net toegepas onder genoemde etiese voorwaardes en onder geen omstandighede deur die SSR nie. Dit is ook die enigste beperking wat deur die Universiteitsowerhede op ons gestel word.**

**Hierin kan 'n openhartige uitnodiging aan alle studente gesien word om met hulle griewe, idees, probleme en stories na Die Wapad te kom.**

# KOSHUISPROBLEEM: IETS WORD GEDOEN

**Na 'n onderhoud met die registrateur Finansies oor die probleem dat soveel studente die koshuise gedurende die middel van die jaar verlaat, het dit onder ons aandag gekom dat die owerhede besig is om iets drasties daaraan te doen. Ons waardeer dit.**

**Weens die land se finansiële krisis word lenings deur die Universiteit teen 'n rentekoers van 13 persent aangegaan. Dit het tot gevolg dat nuwe koshuise nie binne die volgende vyf jaar gebou sal kan word nie.**

**Nog 'n probleem is die feit dat die getalle van die eerstejaars oral met 5 persent verminder het. Die huidige groeikoers in getalle is net 1,7%. Behalwe RAU met 'n groeikoers van 18%.**

**'n Kommissie van ondersoek is geloods na etes in koshuise. 'n Versoek is tot die Senaat gerig om die voor- en nadele van 'n koeponstelsel te oorweeg.**

**Dat iets aan die probleem gedoen word, word deur alle studente verwelkom omdat ons ook baie hard geslaan word deur dieselfde ekonomiese krisis as waardeur die land gaan.**

# OP DIE WA-AS

*MAURITZ MOOLMAN*

**EK verstaan dit was nou die dag so byna-byna of die Ferdinand Postma is permanent gesluit. Weens swak bywoning. Gelukkig het die in- en uittekenlyste van die Pukdames die situasie gered. Die instelling daarvan het die bywoning met honderd persent laat styg.**

Van lyste en handtekeninge gepraat. Gottlieb Bocceroli vertel my dat daar voor verlede week totale chaos by die dameskoshuise geheers het. Die boeke waarin sommige dames formeel skuld aan sleepaksies erken, en ander hul kammies se handtekeninge vervals, het deurmekaar geraak.

Dit het glo die res van die volgende week geneem om uit te pluis wie woon nou in watter koshuis. Die SSR oorweeg dit glo nou om, ter voorkoming, lyste by die Puk-Pik en die Uitsleep te laat instel, sê my alwetende vriend.

'n Senior woordvoerder van die kafeteria is glo baie hoog opgetrek met die idee aangesien dit na verwagting die omset met een per sent sal laat styg.

**Suikervry**

Ek onthou nog baie goed hoe ek eendag warm lemonade ingekry het vir 'n hoë koors.

Nietemin, so 'n rukkie terug ontwikkel ek weer so koors. Vuurwarm. Dorstig. Die keer was die Puk-Pik die naaste boereraat. Soos te verstane was die witdulsies en boegoebrandewyn uitverkoop . . . maar die lemonade was daar. Liters en liters. Genoeg vir twintig koorse.

Maar wat 'n humorsin.

Cha-Cha, ou Gottlieb se sleep, het my later ingelig.

"Nee, die sodawater is beslis nie daar vir die gerief van die Skotte op die kampus nie, nog minder vir vergaderings."

"Ja, dit is so dat sommige dames dit drink."

"Ja, dit is suikervry."

Net soos dieet Pepsi en "Weight Watchers" en Tab en . . .

**Die kompetisie**

Dit slaan my dronk, 'kskuus, lighoofdig, hoe almal van die belangrikste kompetisie teen die Rautjies kon vergeet. Daar het tog meer Pukke aan deelgeneem as ál die atletiese Pukke saam. (Vra vir Gerrie van Wyk. Het hom daar gespaai. Vir Boss óf Nusas, hê?)

Vir die wat nie daarvan weet nie, of onskuldig pleit, net kortliks. Die kompetisie is in RAU se kafeteriatjie gehou. Ons het los hande gewen. Net 100 van die Rautjies het kans gesien vir die passievolle, uitputtende vier en 'n half uur lange kompetisie.

En 600 Pukke! Bravo.

**Spooklys**

Hier dwaal so 'n paar spoke op die Puk rond. Die een nogal vet en die ander ook nie só maer nie. My lys lyk min of meer so:

1. Die nuwe koerant (April Fools!?)
2. Calvyn, J. Mnr
3. Die Transvaler
4. Verlede jaar se studenteraad
5.
6. Volgende jaar se studenteraad
7. Pops II
8. Die ASB
9. Haas Das

NS: My verskoning aan dié wat te na gekom is deur weglating. Per ongeluk of andersinds.

**Passiepuk**

Ek hoor die Passiepukke het aansoek gedoen om die Totius te huur vir 'n interaksie met Kovsieland. (Hoe sê die vorige Wapad in die Rau-program – "Massavermaak!")

Nee, nee, dis seker nie dít nie. Hulle wil net die tafels en stoele van die kafeteria daar stoor.

Tot middernag.

# Uit die Woord

**LEES:** *Luk. 9: 51-62* **TEKS:** *Luk. 9:62*

*Die navolgingskap van Jesus stel hoë eise aan die mens. Dit eis volle oorgawe in diens van God se koninkryk.*

*Om Christus te volg moet jy weet wat jy doen. Jy moet weet waarin jy jou begewe. Onthou deur dit te doen sal jy 'n vreemdeling hier op aarde word. Dit eis opoffering.*

*Op Christus se roepstem, "Volg My" moet onmiddellik geantwoord word. Daar moet nie eers 'n aarseling, 'n belemmering wees nie. Ons antwoord moet nie so tussen ja en nee wees nie.*

*Christen wees, dissipelskap eis volle oorgawe en nie halfhartigheid nie.*

*Hoor hoe stel Christus self die eise van dissipelskap in sy Woord. Groot skares het Jesus tot nog toe gevolg. Die tyd het dus aangebreek dat Jesus die eise van ware dissipelskap moes stel. Daar vind dan gesprekke met die persone plaas. Die eerste een is ywerig en voortvarend. Hy wil Christus onmiddellik volg. Sodoende kon hy ook deel aan die bewondering wat Jesus gekry het. Christus wys hom egter daarop dat Christen wees is 'n saak van nugtere besinning. 'n Mens moet bereid wees om saam met Jesus die lydensweg te bewandel en nie te reken op groot dinge op hierdie wêreld nie.*

*Die tweede persoon is die besluitlose. Sy antwoord is nie nee nie, maar hy het sekere voorbehoude. Hy kry egter 'n radikale antwoord van Christus. 'n Mens moet nie 'n neutrale lewenshouding hê nie. Ons prioriteit en voorkeure moet reg wees.*

*Die derde persoon het sekere voorwaardes. Hy wil Christus volg, maar wil darem eers na aardse belange omsien. Christus wys hom egter daarop dat 'n mens nie verdeelde lojaliteite in God se koninkryk kan hê nie. Volle toewyding is nodig. Jy kan nie terwyl jy met jou lippe Christus bely terselfdertyd jou rug op hom draai nie. "Niemand wat Sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie."*




*Uit: "Dome", 17 Maart 1977. (Studentekoerant van Universiteit van Natal, Durbanse kampus.)*

# DEUR MY LENS

*LOUW VAN BILJON*

**Soos dit hoort vier studentepret gedurende intervarsity hoogty en is daar altyd 'n paar grapmakers wat die skare vermaak deur hul manewales op die veld.**

'n Paar Pukke het onder meer seweman (of was dit drieman of tienman?) rugby gespeel; agter die orkes aan ge-"leopardcrawl," langs die trompoppies van RAU gemarsjeer; die pale regop gehou; ens.

Dat die toeskouers hierdie vertonings geniet het, was duidelik uit hul reaksie waarneembaar.

Ons SSR het dit egter raadsaam geag om die manne te vra om die veld te verlaat, wat hulle toe gedoen het. Goed en wel, ons aanvaar dat die SSR die gesag het, en die reg, om dit te doen.

Die voorval het egter 'n onverwagte nadraai gehad toe die grapmakers voor die SSR se strafkomitee gedaag is. Die man met die hoed en die jas het vyf houe gekry.

Nou wonder ek net of dit regverdig is dat dieselfde straf vir studentepret as vir die misbruik van brandblussers tydens Karnaval uitgedeel word.

Waarom is die Pukke vir die tweede keer oor die kole gehaal. Was dit werklik nodig vir die SSR om só te oorreageer?

Campus Independent van 31 Maart sê in 'n berig dat een van sy redakteurs, mnr. Rhett Kahn, die Pukke kom toespreek het en net 'n gehoor van 75 was teenwoordig.

Vyf en sewentig uit 'n totaal studentetal van meer as 6,000, nie te sleg nie . . .

Die Groot Brag is gehou, en om voorsiening te maak vir die massas studente wat sou opdaag, is gereël dat dit in die Sentrale Eetsaal sou plaasvind. Die hoeveelheid studente wat toe wel opdaag, kon beswaarlik die Puk-Pik volsit.

Met die verkiesing van die dirigente was die bywoningsyfer ongeveer vyftig. Met die studenteparlement sowat 100.

Ons behoort ons koppe in skaamte te laat sak.

Maar dit was 'n ander ding met Intervarsity. Hier glimlag ons breed. Daar was tweekeer soveel Pukke as Raukies op Ellispark. Bak, Pukke . . . ons opkoms na Johannesburg was fantasties.

Ons ondersteuning nie. Jo'burg het braak gelê vir PUK inname. En is dit nie ingeneem nie! Intussen moes ons sportspanne maar alleenalleen voortswoeg.

Volgende keer moet die mense wat nie aan die stad gewoond is nie, liefs 'n week voor die tyd gaan sodat hulle "uitgejol" is as die sportdag aanbreek en sodoende hul spanne op die Rau-kampus kom ondersteun – nie elders nie.

Ek preek vreeslik nê? Ek is swartgallig en 'n doemprofeet en wat nog, maar die feit bly staan: ons is trots op ons Puk-identiteit en trots op die veel geroemde Puk-gees. Ons moet vinnig iets aan daardie gees doen, want dit is weg.

PUKKE – nie een van ons kan iets geniet as niemand voluit wil gaan nie.

Tydens Karnaval en Intervarsity moet ons mal gaan. Die res van die jaar moet ons net alles gee.

Ons het daarom geen reg om oor die owerheid, die SSR en andere te kla (en dit kan ons baie goed doen) as ons nie een en elk 'n bydrae van ons kant tot die studentelewe wil lewer nie.

Dit is ironies dat die studente wat hulself die meeste geniet op die plaas dié mense is wat hulself ten volle vir die universiteit en hulle mede studente gee. En die minste kla!

# UIT NO. 13

## *OPVOEDING VIR 'N VERANDERING*

Meneer die Redakteur,

Na 'n afwesigheid van byna 20 jaar, het ek vanjaar die langverwagte geleentheid gekry om terug te kom na my Alma Mater vir verdere studie. Heerlik, maar tog ook teleurstellend. 'n Mens word nie maklik later in jou lewe weer heelhartig student nie, veral nie as jyself intussen onderwyser was nie.

Toe vra een van my nuwe studentemaats my eendag die onskuldige vraag of ons twintig jaar gelede ook dieselfde lesings moes aanhoor. Op my bevestigende antwoord volg toe sy ontstelde vraag: is dit vandag nog relevant?

Hierdie vraag het sedertdien as 'n refrein in my ore bly klink by die aanhoor van talle retoriese lesings, in gesprekke met dosente, studente en amptenare, en dieselfde vraag wil ek graag in die midde lê van mede-studente, Pukdosente en almal wat ons Alma Mater se belange op die hart dra: is ons Universiteit se opvoeding vandag nog relevant in hierdie ruimte-eeu van verandering, omverwerping van tradisies en afbreek van grense tussen mense en volke?

Dit gaan nie net om die vergeelde aantekeningboeke van die dosente, die onmoontlikheid om tred te hou met die kennisontploffing van ons tyd of die onvermoë om sinvol te kommunikeer nie. Dit gaan ook om die ondermynende uitwerking van die tradisionalisme, die rewolusie van die konservatisme. Daarmee wil ek beweer dat terwyl ons nougeset waak teen die gevreesde rewolusie van die linkse elemente, die anargie van die liberalistiese studente en die subversie van die kommunisme, ons dikwels self subversief en rewolusionêr optree deur ons studente toe te rus met sg. "kennis" wat nie relevant is nie en daardeur hul kanse op oorlewing in ons gevaarvolle veranderende wêreld verswak. Dit is ewe rewolusionêr as om met klippe te gooi.

Elke dosent kan homself gerus die volgende vrae eerlik afvra, en probeer om nie met gekondisioneerde slagspreukreflekse te antwoord nie:

1. Waarom is u dosent? Omdat dit goeie geld en status sonder te veel sleur beteken; omdat dit baie vakansie inhou; omdat u daarvan hou om uself en u kennis te paradeer voor 'n onkritiese gehoor?
2. Glo u dat die Sokratiese onderwysideale, die ware, die goeie en die skone, of die anderwêreldse stelsels van kloosterfilosowe sinvol en waardevol vir alle eeue is en bly, en onveranderd ook vir ons bedeling geld?
3. Is u oortuig dat kennis 'n verworwe gegewe is, wat berus op presedente, konvensies, beproefde waardes en historiese navorsingsresultate, wat deur owerhede en leermeesters oorgedra word en deur studente sonder vrae aanvaar behoort te word?
4. Hoe belangrik is leergange en sillabusse vir u vergeleke met die oordra-, begrips- en assimulasie- of leerproses? Gaan dit vir u net oor die "wat" en die "hoe" of ook oor die "waarom"?
5. Is dit vir u belangrik dat die studente wat aan u voete sit die leerstof wat u oordra memoriseer en reproduseer; maak dit saak of hulle opgevoed word om die uitdagings van môre die hoof te kan bied, of hulle toegerus word met 'n intellektuele strategie wat hulle in staat stel om ingrypende veranderings die hoof te bied, of hulle bewapen word om nuwe konsepte te bemeester, om môre te kan oorleef?

Met ontsteltenis sien ek alte veel mense op my Alma Mater wat desperaat poog om verandering te weerstaan, om met tradisiebeheptheid die skeppende, vraende geeste van die studente te versmoor, wat intellektuele waagmoed en dinamiese vernuwing krampagtig beveg in 'n poging om hul bekende en gerusstellende illusie van die werklikheid ongerep en onbedreig te perpetueer. Dit maak ons Universiteit irrelevant en impotent.

Die simplisitese gister waarvan die vergeelde aantekeningboek leer, is onherroeplik verby. Wanneer sal ons ons studente begin opvoed vir 'n verandering?

Pedagoog

# RESTORASIO BEGIN GOED

**Restorasio – die veteraanmotorrestoreerders – wiele is nou volstoom aan die rol.**

Die gees en die 'sosial' het hoog geloop met die openingsbraaivleis. Die eerste aksie! Natuurlik 'n groot sukses. Die sukses is toe te skryf aan Restorasio se groot idees. Almal is mos lief vir veteraanmotors.

Na groot gespook met die owerhede het ons uiteindelik, op die ou ent 'n stukkie van die pukgrond afgesmeek. Dit is geleë tussen die twee ou puk rugbyvelde, reg agter die ou stoomlokomotief. Net hier gaan ons die wortels plant. Die landboukundige moontlikheid vir die kweek van veteraanmotors lyk uitstekend.


Met 'n groot gejuig is daar 'n skuur van 'n plaas by Bethlehem nader gesleep. Dit is besig om die vorm van ons klubhuis aan te neem. Hierdie klubhuis se funksie is tweeledig: vir die voortdurende "gesosial" en ook vir die nodige werkswinkel.

By hierdie klubhuis sal ons gereeld braaivleis hou terwyl ons besig is met ons pragtige motors. Die dames wat lus het om vir ons koffie te kom maak is baie welkom. Met so 'n klomp aangename lede, hoe anders?

Die motors waaraan tans gerestoreer word is die volgende: twee Chevs nl. 'n 1937 en 1939; drie Fords nl. 'n 1934, 1935 en 1936. Van die minder bedrywiges sal ons julle later meer van vertel. Die oudste, en seker die mooiste motor tans is die 1931, "Austen seven" wat ook pas sy verskyning gemaak het.

Almal wat hou van pragtige motors moet by ons kom aansluit. Hier sal nie net na die motors gekyk word nie (soos by ons afgelope uitstalling nie) maar julle sal ook die voorreg hê om met die verloop van die tyd in sommige van hulle te ry.

Sien julle by die klubhuis.



*'n Verwerking wat satisfaksie bied.*

# FOTIEK WEER BEDRYWIG

**Ja, die jaar is al weer volstoom aan die gang en Fotiek se lede werk al weer ywerig.**

Ons het weer vanjaar begin met 'n reeks klasse vir die beginners wat nou agter die rug is. (Vir die paar laatkommers en die Pukke wat nog getwyfel het of hulle fotografie wil beoefen, moenie skrik nie, daar sal nog vanaf Woensdag 13 April om 19h45 weer 'n reeks opleidingsklasse aangebied word.) Vroeg volgende kwartaal kan julle 'n bietjie meer leer van grafiese kunste en verwerkings van foto's wat ons stokperdjie tog so interessant maak. Lede wat reeds 'n goeie basiese kennis het van fotografiese prosesse en wat graag 'n bietjie meer genot en satisfaksie uit hul fotografie wil haal is baie welkom by hierdie grafiese kunste opleidingsklas. Kleurfotografie sal later volg.

Daar was ook al 'n skyfieaand gereël waartydens ons na 'n paar van die lede se skyfies gekyk het en ons sê ook vir Mauritz weer dankie dat hy ook sy skyfies van Gogh-eiland vir ons kom wys het.

Gedurende die Aprilvakansie beplan ons ook 'n toer na Sodwana-baai en die belangstelling lyk goed. Dit beloof ook om 'n fees van 'n kamp te wees, trou aan Fotiek se tradisie. Belangstellendes sal nou moet gouspring om nog plek te kry.

Alle fotograwe van die Puk kom geniet hierdie jaar saam met Fotiek.

# B.S.V. wys FLIEK

**Op 16 Maart 1977 om half agt die aand het 'n groep van ongeveer 180 studente die Totiussaal binnegestap. Hierdie groep mense was geprikkel om meer te wete te kom oor die ontwikkeling van die menslike embrio en gepaardgaande prosesse.**

Die verrigtinge is begin deurdat die ondervoorsitter van B.S.V. nl. Roelof Oosthuizen die aanwesiges bedank het vir hul opkoms en die spreukbeurt oorhandig het aan ds. Frans du Toit. Ds. Du Toit het geopen met skriflesing en gebed. Hy het ook 'n kort boodskap met tema "dat lewe verwek sonder die Wil van God sonde is."

Die fliek het in aanvang geneem en die wonderproses van die ontwikkeling van lewe aan te dui. Verskeie leke het verbaas en met veel meer insig die feite bestudeer. Om net te noem was twee interessanthede dat die mens se vingerafdrukke reeds na vier maande volledig gevorm is. Die tweede is dat die mense op sewe maande reeds fisiologies volwasse is.

Dus, vir alle belangstellendes in die wonderwêreld van die biologie kon net die B.S.V. plakkate dopgehou word.

# Gehoor van PUK Rockspiders

**Rotsklim? Wanneer ek hierdie term hoor dink ek onwillekeurig terug aan 'n koerantopskrif van drie weke gelede – een dood en een beseer in rotsklimongeluk. Onmiddellik stu die vrae in my op. Is hulle dan nie lief vir hul lewens nie? Wat lê agter rotsklim dan ten spyte van die gevaar nog so baie daaraan deelneem? Kortom, hoekom klim hulle rots?**

Hierdie vraag is nie so maklik om te beantwoord nie. Miskien lê die antwoord daarin dat rotsklim 'n uitdaging aan die individu stel wat geen ander sport of aktiwiteit bied nie. Slegs 'n hoë kwaliteit mens met 'n hoë bevredigingsvlak sal die uitdaging aanvaar en slegs hy sal die satisfaksie van die oorwinning oor so 'n uitdaging smaak.


Omdat die uitdaging so groot is moet daar noodwendig 'n element van gevaar betrokke wees. Moderne hulpmiddels en tegnieke het egter so verbeter dat die kans vir noodlottige ongelukke baie skraal is. Slegs wanneer onnodige foute en waaghalsigheid aan die dag gelê word, gebeur ongelukke.

Bogenoemde vrae het ook deur my gedagtes geflits toe ek die eerste keer probeer het "om my nek te breek". Hoe groot was die verrassing nie. Ek het nie my nek gebreek nie (trouens ek lewe nog) en ek verruil rotsklim vir geen ander sport nie.

Iets meer oor die klub. Rotsklim is 'n afdeling van klub Montium (die ander een is die stapafdeling). Waar rotsklim weens gebrek aan leiers in die verlede nie baie aktief was nie, is daar hierdie jaar 'n oplewing te bespeur. Alreeds is daar gedurende twee naweke saam met rotsklimmers van Wits interaksies gehou waar hulle ons touwys gemaak het.

Alle aanduidings is daar dat die rotsklimafdeling 'n groot uitbreiding sal ondergaan. Daar word beplan om elke tweede naweek te gaan rotsklim. (Die toetse sal nie hinder nie want ons sal na die toetse op 'n Saterdagoggend vertrek).

Aan alle avontuurlustiges wat die uitdaging van rotsklim wil aanvaar: Julle is welkom – hou net die Montiumplakkate dop!



*Soos 'n spinnekop teen die rotse.*


## PRO-REGE

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

**Tomstraat 86 - – Potchefstroom**

**Tel. 8875**

# "SKONE"

# PUKDAMES PRAAT – MANS LUISTER

**Na aanleiding van die berig oor die Pukdames in die vorige WAPAD, het die dames ook geleentheid gekry om 'n eerlike mening oor die mans op ons kampus te gee. 'n Paar vrae is aan die dames gestel waarop soos volg geantwoord is:**

**WAT IS VIR JOU BELANGRIK AS JY VIR DIE EERSTE KEER SAAM MET 'N MAN UITGAAN?**

A = Of die man in sy optrede die meisie respekteer en respek afdwing. Die uiterlike speel dalk 'n rol.

B = Kleredrag is belangrik en ook sy optrede teenoor jou.

C = Sy kleredrag en optrede teenoor jou is belangrik. Hy moet immers ordentlik lyk.

D = Sy houding val my eerste op en sy kleredrag is sekondêr maar die houding weerspieël tog jou karakter.

E = Kleredrag is belangrik maar tog nie van primêre belang nie. Dus kyk jy die tweede keer verby dit na die manier waarop hy teenoor jou optree.

F = Kyk beslis na die man se houding. Die eerste uitgaan gaan egter om mekaar te leer ken en daarom moet hy informeel wees. Voorkoms is belangrik maar sommige mans tof hulle te veel op en raak te gou ernstig.

G = Jy kan in 'n man se oë sien wat sy houding t.o.v. jou is. Kleredrag is nie so belangrik nie want jy oordeel te maklik verkeerd. Veral in 'n eerste situasie is sy optrede teenoor jou baie belangrik.

H = Sy houding en optrede teenoor jou as dame.

**SOU JY DINK DIE PUKMANS HET NOG GOEIE MANIERE?**

A = Oor die algemeen is hulle nog goed gemanierd en laat jou nog vrou voel, maar jy kry ook onbeskoftes.

B = Ja, ek dink beslis so.

C = Ja, beslis. 'n Man behandel tog 'n vrou soos wat sy hom behandel.

D = Die deursnee ou is nog goed gemanierd, maar nie juis ridderlik elegant nie.

E = Ja, hulle het nog goeie maniere.

F = Beslis nie. As hulle goed gemanierd is, weet ek nie wat goeie maniere is nie. Kyk maar na die mans wat elke dag op die trappe voor die Totiussaal sit!

Hulle gedrag is baie kinderagtig.

G = In hul algemene optrede op die kampus is hulle goed gemanierd.

G = maar jy sal altyd die ongeskiktes kry.

H = Hulle is redelik goed gemanierd, maar dit is nie wat dit behoort te wees nie.

**VERWAG JY DAT 'N MAN DIE LEIDING IN 'N VERHOUDING MOET NEEM?**

A = Dit is noodsaaklik. Jy moet nie die verhouding voorskryf nie, maar hy moet verantwoordelike leiding kan gee en sy gesag laat geld sonder om die meisie te onderdruk.

B = Die man moet die leiding neem en nie besluitloos wees of net ja-en-amen op alles sê nie.

C = Ja, baie beslis. Die man en meisie staan gelyk aanmekaar, alhoewel die meisie nie die leiding neem nie.

D = In 'n mate ja, maar 'n verhouding is 'n 50-50 saak. Tog moet die "jaginstink" by die man behoue bly.

E = Ja beslis. Die man moet kan leiding neem voordat jy jou aan hom ondergeskik stel. Dit bewys dat hy 'n sterker persoon as jy is.

F = Ja, maar hy moet nie die meisie domineer nie, maar dit word nie van 'n dame verwag om altyd die voorstelle te maak nie.

G = Ja, maar die meisie bepaal of dit 'n vriendskaps- of liefdesverhouding gaan wees. Die man moet te alle tye die meisie ken in die saak en ook oop wees vir oortuiging.

H = Ja, want moreel is dit so dat die man op alle gebiede hoër is as die vrou en daarom word dit verwag dat hy die sterkere een moet wees.

**IS AKADEMIESE KWALIFIKASIES BY 'N MAN VIR JOU 'N VEREISTE?**

A = Dit is belangrik, veral met die oog op 'n toekomstige lewensmaat. Sou nie met 'n ou wil uitgaan wat 'n akademiese jaar moet herhaal nie. Albei se studierigtings moet aansluiting bymekaar vind.

B = Hy moet dieselfde kwalifikasies hê of hoër en dit gaan beslis probleme skep as hy glad nie akademies gekwalifiseerd is nie.

C = Vir 'n man is dit belangrik dat hy hoër gekwalifiseerd is. Sou 'n vrou hoër strewes hê, behoort dit vir die man as uitdaging te dien.

D en E = Die man moet intellektueel en akademies dieselfde of hoër kwalifikasies as die meisie hê.

F = Persoonlikheid en ambisie is vir my 'n groter maatstaf as geleerdheid.

G = Hy moet hoër gekwalifiseerd wees want later gaan daar vergelykings kom wat rusies kan veroorsaak.

**IS HOËR OUDERDOM VIR JOU 'N VEREISTE?**

A = 'n Man wat ouer as jy is het gewoonlik beter en meer lewensrypheid as 'n man met dieselfde of 'n laer ouderdom as jy. Jonger mans kan wel ook meer selfstandigheid en verantwoordelikheid aan die dag lê as ouer mans, maar dit is nie altyd so nie.

B = Ek verkies dat 'n man ouer as ek moet wees, maar jy kry ryper jonger mans wat volwasse genoeg is.

C = Dit hang af op watter terrein die man ouer is. Persoonlikheid tel dus baie en sou hy jonger as jy wees, moet hy nog jou meerdere wees.

D = Ouderdom is nie so belangrik nie, maar dit gaan om die verstandhouding tussen twee mense.

E = Dit speel 'n geweldige groot rol, want oor die algemeen is die PUK mans kinderagtig en onvolwasse en net 'n klein persentasie kan uitgesonder word.

F = Dit is nie so belangrik nie, maar dit hang af van die man se persoonlik.

G = As die man en meisie ewe oud is, gaan dit 'n gelyke houding t.o.v. mekaar wees. 'n Man wat ouer is het meer lewenservaring en verantwoordelikheid. Een of twee jaar verskil sal egter nie saak maak nie maar hoe groter die verskil is, hoe moeiliker gaan jy aanpas.

H = Die man moet ouer wees want dit is eties bewys dat 'n man op 'n later stadium as 'n dame volwassenheid bereik.

**WAT IS JOU HOUDING T.O.V. DIE PUKMANS EN DRANK?**

A = Oor die algemeen weet die mans nog waar hulle perke is, en hoe om hulle te gedra, behalwe die wat tydens Karnaval en intervarsity hulle absoluut vergryp en die PUK se naam skade berokken.

B = As daar meer ontspanningsfasiliteite vir die mans was, sou hulle nie so gedrink het nie.

C = Ek beskou dit as 'n grap. Vir die geleentheid is daar niks met drank verkeerd nie, maar in elke aand se drinkery is daar niks goeds in nie.

D = Drank is 'n geleentheidsmiddel wat nie goedkoop gebruik word nie. Dit gaan saam met die man se karakter en die een bepaal dus die ander.

E = Die PUKmans kan hulle nie gedra wanneer hulle hul so aan drank vergryp het nie. Die feit dat die PUK in 'n klein gemeenskap is, maak dit fataal omdat jy bykans almal ken.

F = Die mans maak absoluut gekke van hulself, maar dit is al wanneer hulle selfvertroue het as hulle onder die invloed is of in 'n groep optree.

G = Dit is sinneloos om in 'n roes te gaan as daar iets gevier moet word. Hoe kan die mans bv. Karnaval geniet as hulle dronk gedrink is? Op universiteit is dit 'n "slegtigheid" wat later wel 'n "siekte" kan word.

H = Ek gee nie om as 'n man 'n drankie op sy tyd maak nie, maar oor die algemeen is die PUKmans geneig om te vêr te gaan.

**IS DIT ETIKET DAT 'N DAME EERSTE MOET GROET?**

A = Die man moet eerste groet want in haar wese is die meisie 'n meer emosionele wese. Sou sy 'n man groet wat nie teruggroet nie voel sy gekrenk waar 'n man hom dit nie noodwendig so sterk sal aantrek nie.

B = Ek sal 'n man eerste groet wat ek goed ken. As 'n vreemde man groet sal ek terug groet, maar ek gaan beslis nie eerste groet nie.

C = 'n Man behoort 'n meisie eerste te groet. Hy wil tog die leier wees en daarom moet hy eerste groet ook.

D = Dit is etiket ja, maar ons leef in 'n geweldige spanningsverhouding. Op die kampus is hier te veel studente wat vassleep en te min wat nie sleep nie. Daar moet tog 'n spontane atmosfeer heers, maar solank as wat die toestand so is, sal dit nie verbeter nie.

E = Ek groet niemand wat ek nie ken nie, dit is outyds. Dit is dus nie 'n fout wat óf by die mans óf by die dames lê nie, maar dit is eerder hoe jy persoonlik daaroor voel.

F = Op die PUKkampus het jy as dame nie die vrymoedigheid om mans te groet nie, want hulle dink jy soek man. As 'n man eerste groet sal ek teruggroet.

G = Ek sal 'n vreemde man eerste groet as daar oogkontak is. As ek dus 'n ou groet wat ek nie ken nie, groet ek hom omdat hy 'n PUK is en om geen ander rede nie. Daar is baie meer effektiewe metodes om 'n ou te kry.

H = Dit hang af van die situasie en dan sal ek die man eerste groet.

Het ons dames die bal raakgeslaan of hoe vêr is ons verkeerd?

ASTER.

# ANDERS . . .

***In die huidige tydsgewing is baie vroue onseker oor hulle wese en die rol wat hulle moet vervul want begrippe soos die emansipasie of vrywording van die vrou skep dikwels botsende gevoelens.***

Selfs die vurigste vrouevryheidsvegters moet egter erken dat 'n vrou nie net liggaamlik anders is as die man nie maar ook geestelik.

Dr. Gouws van RAU gee die andersheid van die vrou as volg weer:

Die vroulike-in-die-wêreld-wees is van meet af anders as die manlike-in-die-wêreld-wees. Benewens haar geslagtelike andersheid soos die geringer ontwikkeling van die spiere en groter veranderlikheid van die senuweestelsel (waaraan haar vroulike ontroering toe te skryf is) verskil sy van die man wat betref die psigiese.

Dit is 'n feit dat die man meer egosentries is en die vrou meer altruïsties. Die man se mikpunt is sy eie prestasies, aansien en roem, want dit is vir hom die maatstaf van sy geslaagdheid as mens. Daarenteen wil die vrou by uitstek koester, liefhê, vertroetel en versorg.

So kenmerkend as wat die vrou se helder stem en vloeiende, vroulike stap is, so kenmerkend is haar geheimsinnige innerlikheid.

Deur die eeue is die vrou beskrywe as die onkenbare, onberekenbare, dromerige wese wat 'n innerlike misterie besit, dikwels met onbegryplike bedoelings en onverstaanbare geheimsinnigheid.

Die ware vrou is 'n sagte, soepele en rustig ontspanne wese. Sy is in haar wese amper soos 'n ligwegslapende en peinsend-dromende. Vandaar haar geheimnisvolheid, die wonder wat deur haar by die man opgewek word – 'n wonder oor wat sy dink, droom, bedoel, of van jou verwag.

Hierdie andersheid van die vrou word deur digters en skrywers besing – dink maar aan D.J. Opperman se Sproeireën:

My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand . . . iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

As ek 'n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën,
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van swart
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

O my nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand . . . iemand in anys
daar's 'n vrou in elke geur

Nooit is 'n vrou vir 'n man meer vrolik en aantreklik as wanneer sy dromerig gestemd is nie. Soms soek die man na die flinkheid van haar intellek, die sprankeling van haar humor en die lewendigheid van haar welluidende stem . . . Maar sy is die uitbeelding van die man se begeerte wanneer sy ontspanne en dromend by hom verwyl, en hy koesterend en gevange soek na die misterie van haar geheimnisvolle gees.

**ADVERTENSIE**

EEN OLIVETTI Lexicon 80 tikmasjien in goeie toestand tekoop. Prys R40,00 of naaste aanbod. Verdere navraag by SSR-kantoor.

**PUKKE OP HUL STUKKE BY**

SAFARI SPORT



**S**amewerking
**A**andag
**F**inansiële hulp
**A**ansporing
**R**ealistiese pryse
**I**ets van alles
**SPORT**

*Vir alle sportbenodigdhede*

**Santam Arcade** **Tel 7673**



# "HUISBROKKIES"

## KULU IS ANDERS

**Iets is anders. Kulu is nog dieselfde ou plek met dieselfde gegil, dieselfde gesharrap. Maar iéts is anders.**

Ontgroening is klaar, karnaval is klaar, intervarsity is klaar. En in die tussentyd word dit elke aand donkerder as ons gaan eet.

Tydige en ontydige welwillendheidsbesoeke word hoeka nie meer op prys gestel nie. Half-getroos met die kankoffie, dwaal mens maar van kamerdeur tot kamerdeur en verwonder jou aan die skielike bly-weg-asseblief plakkate.

Die laatreëns jaag gereënjasde meisies en modd, spore deur die voorportaal. Ander staar na die tranerige reëndruppels teen die ruite en verlang 'n groot verlang.

Dit is 'n gewik en 'n geweeg smôrens oor wat om aan te trek. Party klou nog so 'n effe desperaat aan die laaste bietjie somer; ander kan nie wag om die nuwe skeppings aan te pluk en herfspou te speel nie.

Die laaste van die vakansieromanses is aan't afkoele. Karnavalnaslepe het so 'n rubberagtige kwaliteit. Elke aand hoop ons maar net dat hy reg sal hop.

Die krieke se geesdrif het drasties verminder. Dis kompleet of die koue tussen poot en vlerk ingekruip het.

Iets is anders. En tog nie. Dit kom my mos so basterbekend voor...

## OOSTERHOF DAAG KOSHUISE UIT

**Oosterhof bly steeds die plek waar feeste, aksies en die lekker dinge van die lewe vooraan staan. Dit blyk uit die afgelope tyd en die dinge wat ons ervaar het.**

Ons het begin met karnaval. Watter voorreg is dit nie om 'n Oosternooi te wees in hierdie tyd nie! Thaba-Jäh het gehelp om hierdie tyd vir altyd in ons lewens vas te pen. Ons wil vir julle sê; soos een van julle inwoners dit sou stel, allablikskottel! Thaba-Jäh, julle is groot!!!

Na karnaval het ons weer ons bande met Caput verstewig met die tradisionele springmiliebraai. Na 'n lekker ete het ons op 'n eg Suid-Afrikaanse wyse onsself vermaak deur volksspele te doen. Dit was waarlik 'n fees!

Intervarsity het nogeens bewys dat Oosterhof 'n plek is waar die dinge aangaan. Daar kan nie nog 'n koshuis wees wat so goed verteenwoordig was nie. Om presies te wees 95% van die dames van Oosterhof was op RAU. Ons daag enige koshuis om ons hier te klop.

## KLOOSTER

**Stram kreun** die kettings ... Die voorwiele ruk-ruk astrant aan die stuurstange. Net die wil om te wen brand diep in die geheue en vermurwe die steekpyne van 'n tam liggaam. As die mond sper, spantaai, wit drade wat tril in die wind. Soutbanke dwing die oë halfmas. Die wind pluk opgewek aan sy klere en spoor hom opnuut aan om te veg teen sy moegheid.

So het elke trapkarman van Klooster die wedren op Pote ervaar. Die uitslag bepaal gewis die gesindheid waarmee die manne gejaag het.

Klooster het Saterdag ook afgeskop met koshuisrugby. Alhoewel Dorp moedig geveg het, wat hulle nie (.....) teen die begeesterde Kloostermanne opgewasse nie. Kaptein Frans, gaan ons vanjaar die beker "has"?

Vriendelike pikkewyn groete.

## VERGEET-MY-NIE

TOERNOOI

**Gees is groot!**

Die hokkiespanne van Vergeet-my-nie het dié jaar op 'n hoë noot afgesit. Daarvan kan baie koshuise getuig met 'n terugblik na die toernooi op 19 Maart. Vergeet-my-nie was algehele wenner in hulle afdeling deur:

Wag-'n-bietjie 1-0
Karlien I 2 - 1
Karlien II 1 - 0 te klop

Met die uitspeel vir eerste en tweede plek het Wanda dit ongelukkig reggekry om ons die loef af te steek. Vergeet-my-nie eindig dus tweede in die toernooi.

INTERVARSITY

Die intervarsity wedstryd teen Skoonveld het goed afgeloop deurdat Vergeet-my-nie 1-0 gewen het, ondanks baie teenstand van elemente! Net jammer Skoonveld is nog steeds skoonveld. Die sukses van die oorwinning word grootliks toegeskryf aan 'n baie suksesvolle "bymekaarkom" voor die intervarsity.

(Aan ander koshuise 'n wenk: Pannekoek en druiwesap gee die deurslag.)

LIGA BEGIN

Met die afskop van die liga wedstryde het Vergeet-my-nie dus 'n goeie basis om van af te werk. Gesonde gees, 'n lat en die onmisbare geluk van Gertie.

## KALWERHOF

**Die kersie is op die koek geplaas toe aangekondig is dat Klawerhof die algehele wenners van Karnaval is. Die uitslag het op die geldinsameling voor en tydens Karnaval berus. Hiermee ook net 'n woord van dank aan almal wat so fluks geld ingesamel het. Dit het ook nie vir ons bloot om die WEN gegaan nie, maar grotendeels om liefdadigheid.**

Ons televisiestel is die afgelope week geïnstalleer en is nou regtig 'n nuutjie! Intervarsity het weer sy tol geëis in dié sin dat almal se akademie nou ernstige probleme veroorsaak. Baie geluk aan die netbalspan wat met 35 - 1 oor Amper Daar geseëvier het. Die hokkiespan was egter nie so gelukkig nie.

Aan die Eerstejaars: Hoop dit het goed gegaan met die Bros!

## BOOTJIE NA KAMMALAND

**Wanda se blok A, sogenaamd Aitsa, het die swaard begrawe en Hombré se uitnodiging aangeneem om 'n bietjie saam fees te vier.**

Wat 'n fees! Aangesien Aitsa bekend is vir sy fantastiese vrugtefeeste, het ons Sondagaand die 27e Maart 'n vrugtefees gehad wat selfs die seniors se monde laat water het! Dit was 'n fees uit die boonste rakke - kompleet met 'n pynappelbootjie propvol smullekker vrugteslaai wat jou weggevoer het na 'n veraf land van bolronde skeppe roomys!

Daarna het ons die Gesondheidsweek begin met yskoue vrugtesap. Smullekker Franse brood was volop vir die manne wat nie in 'n aandete gehad het nie in hul haas om by Wanda te kom!

Operasie Groot Gesels het 'n fees van 'n fees afgesluit.

Baie dankie El Toro en Sokkel Sokkel - ons sal 'n heerlike inter-aksie opteken in die anale van Aitsa!

## WAG 'N BIETJIE

## KARNAVAL EN INTER VERBY

**Die inwoners van Wag-'n-Bietjie het die twee geleenthede regtig geniet en die eerstejaars wat nog maar groen gevoel het, verseker almal dat hulle nou soos ware Pukke voel. Tydens die Intervarsity op RAU kon hulle nou wel nie "Wag-Wag-Wag-'nBietjie" skreeu nie, maar wel 'Nou-Puk-Nou".**

Die akademie druk egter en saans word daar hard geleer.

'n Paar aktiewe dames het Donderdagmiddag, afgesien van die reën, Liberalia manskoshuise met 'n sokker wedstryd vermaak. Gly-gly en baie nat, het hulle die manne swaar laat lewe. Die eindtelling was 6 - 2 in Liberalia se guns, maar die dames sien kans vir nog 'n probeerslag.

# SKOLIERE BESOEK DIE PUK



*Onlangs het hierdie groep leerlinge van die Windhoekse Hoërskool die Puk besoek. Die vraag is hoe goed gaan die Suidwester volgende jaar op die Puk verteenwoordig wees.*

RUGBY

# LIGA BEGIN NIE SO GOED NIE

**Nadat die Pukke die Raukies deeglik vasgevat het, het hulle die volgende naweek feitlik geen hond haaraf gemaak teen die Westelikes nie.**



*Puk se trots, ons eie eerstes. Voor: Dries Coetzer, André Rossouw en Okkie Oosthuizen. (Foto: Jaco Pretorius.)*

Die Pukke kon net nie aan die gang kom nie en is dan met 22-12 deur Westelikes geklop. Miskien is dit 'n goeie ding, nou weet hulle hulle kan verloor.

Op die breë beskou het die Puk die materiaal om die Neserbeker te wen. 'n Span met sewe spelers in die Wes-Transvaal se A-proefspan het beslis nogal 'n kans om goed te vaar.

Vir die Pukke het André Rossouw sy gebruiklike punte aangeteken, 'n drie en twee doelskoppe. Flippie Venter het ook 'n skitterende drie gedruk.

So van André en Flippie gepraat; met hierdie skakelpaar kan die Puk dit nog ver bring. Onder die jong spelers in die span het hulle ongetwyfeld die meeste talent. Ander spelers in die Wes-Transvaal A-Proefspan is Sors Greyling heelagter, Ben van Vuuren vleuel, Ben van Rensburg en Theuns Eloff senters, en Okkie Oosthuizen voorry.

Die Ibbies was ongelukkig om teen die sterk RPM-span met 32-30 te verloor. 'n Kwartuur voor die einde was hulle nog 30-16.

Die myners het teruggeveg en die Ibbies kom met hulle laaste aanslag en Barries Botha kuier agter die pale. Ongelukkig het daar iets met die beweging verkeerd gegaan.

Vir die Ibbies het Jannie Tiedt 18 punte met die skoen aangeteken, Martyn Scott twee drieë en Ben van Vuuren het die ander drie gedruk.

As die Ibbies voortgaan om hierdie tipe rugby te speel gaan hulle nog 'n gunsteling by die skare word en goed vorder in die Neser A.

## SPORTKORRELS

DEUR HANS SAESTAD

## GAAN ONS FIKS BLY?

**Die Rugby het met alles erns begin en die manne gaan voluit. Hulle koshuis se naam is op die spel en alles word gegee, toeskouers en al.**

Koshuisrugby is seker die interessantste en hardste rugby wat daar is. Die toeskouers staan die kantlyn vol en die aanmerkings bly nie agter nie.

Nou breek die April-vakansie aan en daar is 'n duidelike afname in die spel na die vakansie. Die manne is nog net so begeesterd soos altyd, die toeskouers is daar, maar waar lê die fout dan?

Eenvoudig niemand het die vakansie geoefen nie. Nee manne, gaan draf maar 'n bietjie en hou die gewig konstant, dit is tog tot julle eie en julle koshuis se voordeel.

## *SPORTPERSOONLIKHEID VAN DIE WEEK:*

# LOUIS LIEBENBERG

***Louis Liebenberg is die nuutste toevoeging tot Puk se atlete wat regtig belofte toon.***

Hy is 'n eerstejaarstudent en junior met 'n lang atletiek loopbaan voor hom. As hy voortbou op sy prestasies van nou, kan hy nog een van ons land se grootste atlete word.

Louis se beste tye oor middel- en langafstande is die volgende:

800 meter – 1 min 53,2 sek
1500 meter – 3 min 53,8 sek
3000 meter – 8 min 29,8 sek

Eerlike en harde werk is Louis se sleutel tot sukses. Verder is hy 'n man wat aan homself glo. Die Pukke se verwagting is dat hierdie vriendelike kêrel sy standaard hoog sal hou.

ONS HET ALLES WAARNA U SOEK IN DIE LYN VAN SPORTBENODIGDHEDE; BESOEK ONS GERUS

**STUDENTE SPORT**

**Kerkstraat Potchefstroom**

## VERRASSINGS, VERRASSINGS, VERRASSINGS, VERRASSINGS,

**Met die eerste skote geklap in die Koshuis-rugbyliga was daar klaar heelwat verrassings. Die gunsteling spanne van verlede jaar het vroeg die onderspit gedelf.**

Verlede jaar se wenners van die liga het hier lelik op hul baadjies gekry. Van die afskop af was dit duidelik dat Overs met 'n gemotiveerde span te doen gekry het.

Vroeg in die eerste helfte het Piet Goss Drakenstein laat voorloop het met 'n strafskop. Overs het net hierna die telling gelyk gemaak.

Nadat een van Drakenstein se slotte die veld moes verlaat het, het hulle nog drie punte by hulle telling gevoeg waarop Overs met nog 'n strafskop geslaag het.

In die doodsnikke van die wedstryd het Drakenstein 'n wendrie gedruk en die eindtelling Drakenstein 11 en Overs 10 maak. Drakenstein II wen Dorp II B ook met 20 – 8.

**Hombré 13 Dawie Dup 12**

In 'n wedstryd wat gekenmerk is deur strafskoppe slaag Hombré om die wraakwedstryd te wen. Hombré het met 'n puik stel voorspelers die bal daarlangs beheer, terwyl Dawie Dup se agterlyn hulle balle baie beter beheer het.

Elke span het 'n drie gedruk, maar met Theuns Botha se skopskoen baie akkuraat het Hombré die knoop deurgehaak. Aan die kant van Dawie Dup moet die naam van Klaas Lourens, senter, nie uitgesonder word nie.

**Klooster 9 Dorp 3**

Klooster het bewys dat meer van hulle verwag kan word hierdie jaar met hulle oorwinning teen Dorp. Jammer dat die wedstryd slordige spel opgelewer het.

KRIEKET

# Seisoen Eindig

**Die krieketseisoen het nou ten einde geloop en die witklere is al weggepak, maar die Puk dink na oor die afgelope seisoen.**

Vir die eerste keer in jare het die Puk nie die Scorgiebeker ingepalm nie en moet tevrede wees met 'n tweede plek na Strathvaal. Die Ibbies wat altyd hulle stem dik gemaak het eindig laaste op die leer saam met ander twee klubs.

Ons hoop die krieketmanne gaan 'n goeie winterslapie geniet en met nuwe lewe die volgende seisoen aanpak.

Die stand van die Scorgieliga is soos volg:

| | |
|---|---|
| 1. Strathvaal | 51 |
| 2. Puk | 45 |
| 3. Stilfontein | 23 |
| 4. Vaal Reefs | 21 |
| 5. United | 19 |
| 6. Weermag | 18 |
| 7. Potch-dorp | 15 |
| 8. Klerksdorp | 12 |
| 9. Ibbies | 12 |
| 10. Koster | 12 |

# *LANG SEISOEN IS VERBY*

**Die atletiek kom uiteindelik aan die einde na 'n lang seisoen. Dit het al verlede jaar in September begin en loop eers op 16 April met die S.A. Ope kampioenskappe op Groenpunt ten einde.**

Gedurende die jaar is daar 'n R.S.A. span gekies – gelykstaande aan 'n Springbokspan en Piet Meyer het die Puk op hierdie span verteenwoordig. Was dit nie vir die wisselvallige vertonings van Alta Stander, Gert Doorewaard en Willie Smit nie, sou hulle ook die span gehaal het.

Hulle het egter die S.A.A.A.U. span gehaal, wat teen die R.S.A. span op Groenpunt sal deelneem.

Die Puk het ook sy merk gemaak tydens die S.A. junior kampioenskappe wat op die Park Ovaal gehou is.

Fanie Kruger kan hier uitgesonder word. Hy het twee titels vir die Puk huistoe gebring. In die gewigstoot het hy ook 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord met 'n afstand van 14,98 meter opgestel.

Vivienne Louw het die meisies onder 18 100 meter gewen en Louis Liebenberg het die 3 000 meter seuns onder 19 gewen.

In die 1 500 meter het hy sy enkel beseer nadat hy goed op pad was om sy tweede titel in te palm.

INTERVARSITY

# VOLLEDIGE UITSLAE

**26 Maart 1977**

| | RAU | PU VIR CHO |
|---|---|---|
| **JUDO:** | | |
| Mans | 34 | 20 |
| Dames | 40 | 0 |
| Totaal | 74 | 20 |
| **PLUIMBAL:** | | |
| Mans ) Gekombineerd A-span | 6 | 9 |
| Dames ) Gekombineerd A-span | | |
| Tweede spanne | 0 | 15 |
| **MUURBAL:** | | |
| Mans | 6 | 4 |
| Dames | 4 | 2 |
| **DAMESHOKKIE:** | | |
| RAU II vs PU vir CHO II | 1 | 2 |
| Kruinsig vs Karlien | 1 | 0 |
| Benjemijn vs Klawerhof | 3 | 1 |
| **NETBAL:** | | |
| RAU I vs PU vir CHO I | 14 | 30 |
| Kruinsig vs Karlien | 6 | 30 |
| Skoonveld vs Wanda | 4 | 28 |
| Benjemijn vs Kulu | 3 | 26 |
| RAU II vs PU vir CHO II | 8 | 27 |
| Amper Daar vs Klawerhof | 1 | 35 |
| Dagstudente vs Oosterhof | 6 | 32 |
| **RUGBY:** | | |
| Dromedaris vs Caput | 7 | 31 |
| Afslaan vs Hombré | 4 | 17 |
| RAU O/20B vs PU O/20A | 14 | 17 |
| Oppierif vs Klooster | 7 | 35 |
| Gekombineerde koshuis vs PU O/20B | 0 | 70 |
| RAU III vs PU II | 0 | 31 |
| Dagstudente vs Dawie du Plessis | 10 | 22 |
| RAU O/20 vs PU O/20A | 32 | 31 |
| RAU II vs Ibbies | 11 | 48 |
| RAU I vs PU I | 16 | 24 |
| **ONDERWATERHOKKIE:** | | |
| RAU A vs PU B | 13 | 1 |
| RAU B vs PU A | 0 | 12 |
| RAU B vs PU B | 2 | 1 |
| RAU A vs PU A | 2 | 2 |
| **ONDERWATERDUIK:** | | |
| RAU vs PU | | |
| Gediskwalifiseerd Wen | | |
| Totaal | 17 | 16 |
| **TENNIS:** | | |
| Mans | 3 | 9 |
| Dames | 7 | 3 |
| **STOEI:** | | |
| Mans | 3 | 5 |
| **SOKKER:** | | |
| Mans | 2 | 3 |
| **KARATE:** | | |
| 5 Kumite | 7½ | 2½ |
| 2 Kata | 32½ | 30½ |
| **MANSHOKKIE:** | | |
| RAU I vs PU I | 0 | 3 |
| **DAMESHOKKIE:** | | |
| Oorkand vs Karlien | 1 | 3 |
| Skoonveld vs Vergeet-my-nie | 0 | 1 |
| RAU I vs PU I | 0 | 3 |
| Amper Daar vs Kompleks | 0 | 1 |
| Dagstudente vs Wag-'n-Bietjie | 0 | 2 |